HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Riaan & Jackie
Spitbraai Caterers

"MAGIC IN THE PARK" : 22 MEI 2010

Hoërskool Randburg wil hiermee sy waardering uitspreek vir u vriendelike borgskap en deelname aan ons "Magic in the Park" sokkerfees, op 22 Mei 2010.

Saterdag, 22 Mei 2010, sal in die toekoms deur die Hoërskool Randburg leerders, 120 leerders van minderbevoorregte gemeenskappe, leerders van 15 primêre en sekondêre skole en die gemeenskap van Randburg onthou word as 'n dag toe Suid-Afrika saam feesgevier het.

Die openingseremonie is voorafgegaan deur 'n optog van Cosmo City leerders met ballonne. Hulle is gevolg deur afgevaardigdes van ander skole terwyl elke klas van Hoërskool Randburg 'n land van die Sokker Wêreldbekertoernooi verteenwoordig het! 'n Vlaghysingseremonie is gevolg deur die skoolkoor wat die gehoor gelei het met die sing van die volkslied en twee tradisionele Afrika-liedere.

Dié geleentheid is amptelik geopen deur me Poppy Thabete, 'n distriks-direkteur van die GDO. Haar boodskap het getuig van feestelikheid en vreugde. Die res van die dag het die kinders sokker gespeel, pryse gewen en baie pret beleef! Hulle is vermaak deur die bekwame personeel van Let's Play van SuperSport. Kleurvolle en onmiskenbare vuvuzelas was boonop deurentyd hoorbaar.

Tydens middagete het Veraz, 'n oudleerder, die skare vermaak. Liston Ntshongwana van Zinga Sokker het almal teenwoordig aangemoedig om nooit op te hou droom nie, want helde word uit drome gebore.

SuperSport, SABC-TV en SABC-radio asook ander verslaggewers het aan die geleentheid genoegsame publisiteit verleen.

Die terugvoering van alle deelnemers was oorweldigend en besonder positief. Die dag het beslis 'n onvergeetlike indruk op die 3 000 besoekers gemaak!

Baie dankie vir u bydrae om die gees van die Sokker Wêreldbeker te vier – u aandeel word opreg waardeer en raakgesien.

Vriendelike groete.

PC BOOSTHUYSEN: Beheerliggaam

P BOOYSEN: Hoof